**Deur President Henry B. Eyring**
Eerste Kansilier in die Eerste Presidensie



# Hy Is Verrese

'N Getuie van die realiteit van die Opstanding van Jesus Christus is 'n bron van hoop en beslistheid. En dit kán so wees vir elke kind van God. Dit was só vir my op 'n somers dag in Junie 1969 toe my moeder afgesterwe het, dit wás in al die jare sedert haar afsterwe, en sál wees tot ek haar weer sien.

Die droefheid van die tydelike skeiding was onmiddelik met vreugde vervang. Dit was meer as net die hoop vir 'n gelukkige reünie. Omdat die Here soveel deur Sy profete openbaar het en omdat die Heilige Gees die waarheid van die Opstanding aan my bevestig het, kan ek met my geestes oog sien hoe dit sal wees om met ons geheiligde en verrese geliefdes herenig te word.

"Dit is hulle wat sal opstaan met die opstanding van die opregtes. . . .

"Dit is hulle wie se name in die hemel opgeskryf is, waar God en Christus regter van almal is.

"Dit is hulle wat regverdiges is, volmaak deur Jesus die Middelaar van die nuwe verbond, wat hierdie volmaakte versoening bewerk het deur Sy eie bloed te stort" (D&C 76:65, 68–69).

Omdat Jesus Christus die bande van die dood gebreuk het, sal al die kinders van Hemelse Vader wat in die wêreld gebore word uit die dode opgewek word met 'n liggaam wat nooit sal sterwe nie. Net so kan my en jou getuie van daardie glorieryke waarheid die angel van die dood verwyder met die verlies van 'n geliefde familielid en dit met vreugdevolle afwagting en ferm beslistheid vervang.

Die Here het aan almal van ons die gawe van die opstanding gegee, waardeur ons geeste in liggame, wat vry is van fisiese onvolmaakthede, geplaas word (sien Alma 11:42–44). My moeder sal jonk en stralend voorkom, die effek van ouderdom en jare van fisiese lyding verwyder. Dit sal na haar en ons toe kom as 'n geskenk.

Maar diegene van ons wat begeer om verewig saam met haar te wees moet besluite neem om te kwalifiseer vir daardie genootskap, om te lewe waar die Vader en Sy Geliefde Verrese Seun in glorie wandel. Dit is die enigste plek waar familie lewe vir ewig kan voortduur. 'n Getuie van daardie waarheid het my vasberadenheid laat toeneem om myself en diegene vir wie ek lief is te kwalifiseer vir die hoogste toestand van heerlikheid deur die Versoening van Jesus Christus wat in ons lewens werk (sien L & V 76:70).

Die Here verskaf ons met 'n gids in ons soeke na ewige lewe in die nagmaal gebede wat my help en wat aan julle hulp kan verleen. Ons word genooi om ons doops verbonde tydens elke nagmaal diens te hernu.

Ons belowe om die Verlosser ten alle tye te onthou. Die sinnebeelde van Sy opoffering help ons om die belangrikheid te waardeer van die prys wat Hy betaal

het om die bande van die dood te breek, om Sy genade te offer, en om vergifnis vir al ons sondes aan te bied indien ons verkies om te bekeer.

Ons belowe om Sy gebooie te onderhou. Deur die skrifture en die woorde van die lewende profete te lees en na geïnspireerde sprekers in ons nagmaal dienste te luister herinner ons aan ons verbonde om dit te doen. Die Heilige Gees bring tot ons denke en harte daardie gebooie wat ons daardie dag die meeste moet onderhou.

In die nagmaal gebede belowe God om die Heilige Gees te stuur om saam met ons te wees (sien Moroni 4:3; 5:2; L & V 20:77, 79). Ek het gevind dat God my in daardie oomblik kan gee wat voel soos 'n persoonlike onderhoud. Hy bring tot my aandag dit wat ek gedoen het wat Hom bly maak, my behoefte om te bekeer en vergifnis te ontvang, en die name en gesigte van mense wat Hy wil hê Hom moet dien.

Oor die jare, het hierdie herhaalde ondervinding hoop in liefdadigheid verander en aan my die versekering gebring dat genade vir my deur die Verlosser se Versoening en Opstanding ontsluit is.

Ek getuig dat Jesus die Verrese Christus is, ons Verlosser, en ons perfekte voorbeeld en gids tot ewige lewe.

**ONDERIG UIT HIERDIE BOODSKAP**

Ons moet "alle skrifture [toepas] op ons, sodat dit tot ons voordeel en lering mag wees" (1 Nefi 19:23). Oorweeg dit om die nagmaal gebede te lees, soos gevind in Leer en Verbonde 20:76–79. Nadat jy die leerstellinge van President Eyring aangaande die nagmaal gebede aan diegene wat jy besoek geleer het, wil jy hulle dalk uitnooi om te dink aan maniere hoe die gebede hulle in hul lewens kan lei en hulle kan help om terug te keer en weer in die teenwoordigheid van Hemelse Vader en Jesus Christus te lewe.

## JEUG

## Jou Persoonlike Onderhoud met God

President Eyring onderig dat terwyl ons na die nagmaal gebede luister, kan dit voel asof God 'n persoonlike onderhoud met ons voer. President Eyring dink aan die volgende drie areas. Oorweeg dit om die volgende drie vrae in jou joernaal aan te teken en om hulle elke Sondag gedurende hierdie maand te bepeins. Soos wat jy bepeins en indrukke vanaf die Heilige Gees ontvang, kan jy ook jou gevoelens aangaande hierdie indrukke in jou joernaal aanteken.

- Wat het ek gedoen wat Hemelse Vader bly gemaak het?
- Waaroor moet ek bekeer of waarvoor moet ek om vergifnis vra?
- Wie wil God hê moet ek dien?

© 2013 deur Intellectual Reserve, Inc. Alle regte voorbehou. Gepubliseer in die VSA. Engelse goedkeuring: 6/12. Vertalings goedkeuring: 6/12.
Vertaling van die *First Presidency Message, April 2013*. Afrikaans. 10664 501

# Tempel Verbonde

*Bestudeer die materiaal biddend en, soos van toepassing, bespreek dit met die susters wat jy besoek. Gebruik die vrae om jou te help om jou susters te versterk en om Verligting Vereniging 'n aktiewe deel van jou lewe te maak. Vir meer informasie, gaan na reliefsociety.lds.org.*

**Geloof, Familie, Verligting**

"Die verlossings ordinansies wat ons in die tempel ontvang wat ons toelaat om eendag na Hemelse Vader terug te keer in 'n ewige familie verwantskap en om met seëninge en mag van bowe begunstig te word is waardig van ons totale opoffering en inspanning,"[1] het President Thomas S. Monson gesê. As jy nog nie na die tempel toe gegaan het nie, kan jy voorberei om heilige tempel ordinansies te ontvang deur:

- In Hemelse Vader, Jesus Christus, en die Heilige Gees te glo.
- Om 'n getuienis van die Versoening van Jesus Christus en die herstelde evangelie aan te kweek.
- Die lewende profeet te ondersteun en te volg.
- Te kwalifiseer vir 'n tempel aanbeveling deur die betaling van tiendes, deur moreel ryn te wees, eerlik te wees, Die Woord van Wysheid te onderhou, en in harmonie met die leerstellinge van die Kerk te lewe.
- Die gee van tyd, talente, en middele om te help om die Here se koninkryk op te bou.
- Om deel te neem aan familie geskiedenis werk.[2]

President Monson het verder geleer, "Soos wat ons die verbonde onthou wat ons in [die tempel] gemaak het, sal ons elke beproewing beter kan hanteer en meer krag hê om elke versoeking te oorkom."[3]

### *Uit die Skrifture*

Leer en Verbonde 14:7; 25:13; 109:22

### *Uit Ons Geskiedenis*

"Meer as 5,000 Heiliges het in die Nauvoo Tempel saamgedrom na die toewyding. . . .

"Die krag, mag, en seëninge van die tempel verbonde het die Heiliges van die Laaste Dae [ondersteun] gedurende hul trek [weswaarts], toe hulle koue, hitte, honger, armoede, siekte, ongeluk, en die dood [verduur] het.[4]

Soos baie ander Vroue Verligting susters, het Sarah Rich as 'n tempel werker gedien. Sy het van haar ondervinding gepraat: "As dit nie vir die geloof en kennis wat op ons uitgestort was in daardie tempel deur . . . die Gees van die Here nie, sou ons trek gevoel het soos 'n persoon wat 'n sprong in die donker neem. . . . Maar ons het geloof in Hemelse Vader gehad, . . . wetende dat ons Sy uitverkore volk was . . . , en in plaas van verdriet, het ons gevoel om te jubel omdat die dag van ons verlossing aangebreek het."[5]

Die exodus was nie "'n sprong in die donker" vir gelowige vroue van die Heiliges van die Laaste Dae nie. Hulle was onderhou deur hulle tempel verbonde.

**NOTAS**

1. Thomas S. Monson, "Die Heilige Tempel—'n Baken vir die Wêreld," *Liahona,* Mei 2011, 92.
2. Sien *Dogters in My Koninkryk: Die Geskiedenis en Werk van die Verligting Vereniging* (2011), 21.
3. Thomas S. Monson, *Liahona,* Mei 2011, 93.
4. *Dogters in My Koninkryk,* 29–30.
5. Sarah Rich, in *Dogters in My Koninkryk,* 30.

### *Wat Kan Ek Doen?*

**1.** Aanbid ek gereeld in die tempel?

**2.** Moedig ek my susters aan om tempel seëninge te ontvang?

© 2008 deur Intellectual Reserve, Inc. Alle regte voorbehou. Gepubliseer in die VSA. Engelse goedkeuring: 6/12. Vertaling goedkeuring: 6/12.
Vertaling van *Visiting Teaching Message, April 2013*. Afrikaans. 10664 501